kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** **Harte wat uitgaan. Wat beïndruk? Mag of omgee?**

**Skriflesing: Lukas 7:1-17**

## Broodjies vir die pad

"The most beautiful people we have known are those who have known defeat, known suffering, known struggle, known loss, and have found their way out of the depths. These persons have an appreciation, a sensitivity, and an understanding of life that fills them with compassion, gentleness, and a deep loving concern. Beautiful people do not just happen."
— Elisabeth Kübler-Ross

"We must learn to regard people less in the light of what they do or omit to do, and more in the light of what they suffer."
— Dietrich Bonhoeffer, Letters and Papers from Prison

"Compassion asks us to go where it hurts, to enter into the places of pain, to share in brokenness, fear, confusion, and anguish. Compassion challenges us to cry out with those in misery, to mourn with those who are lonely, to weep with those in tears. Compassion requires us to be weak with the weak, vulnerable with the vulnerable, and powerless with the powerless. Compassion means full immersion in the condition of being human."
— Henri J.M. Nouwen

"The capitalist and consumerist ethics are two sides of the same coin, a merger of two commandments. The supreme commandment of the rich is 'Invest!' The supreme commandment of the rest of us is 'Buy!' The capitalist–consumerist ethic is revolutionary in another respect. Most previous ethical systems presented people with a pretty tough deal. They were promised paradise, but only if they cultivated compassion and tolerance, overcame craving and anger, and restrained their selfish interests. This was too tough for most. The history of ethics is a sad tale of wonderful ideals that nobody can live up to. Most Christians did not imitate Christ, most Buddhists failed to follow Buddha, and most Confucians would have caused Confucius a temper tantrum. In contrast, most people today successfully live up to the capitalist–consumerist ideal. The new ethic promises paradise on condition that the rich remain greedy and spend their time making more money and that the masses give free reign to their cravings and passions and buy more and more. This is the first religion in history whose followers actually do what they are asked to do. How though do we know that we'll really get paradise in return? We've seen it on television."
— Yuval Noah Harari, קיצור תולדות האנושות

## 'n Heilige oomblik

wanneer
jy by die strandmeer
'n engel ontmoet
terwyl sy honde
heen en weer hol
elkeen op soek na 'n mol
en hy jou weerloos groet
vir jou vertel
van die operasie
om sy vlerk
wat geskeur het
te herstel
en jy wil swem
in die poel
van sy saffierblou oë
as
hy dan opstaan
vra vir jou naam
en hy herhaal dit
asof hy dit toedraai
in sagte sjokolade
wat hy in sy
mond om en om rol
dan
koester jy dit in jou hart
en dra dit met jou saam

*Estelle Kruger*

"We've bought into the idea that education is about training and "success", defined monetarily, rather than learning to think critically and to challenge. We should not forget that the true purpose of education is to make minds, not careers. A culture that does not grasp the vital interplay between morality and power, which mistakes management techniques for wisdom, which fails to understand that the measure of a civilization is its compassion, not its speed or ability to consume, condemns itself to death."
— Chris Hedges, Empire of Illusion: The End of Literacy and the Triumph of Spectacle

"Compassion is the sometimes fatal capacity for feeling what it is like to live inside somebody else's skin. It's the knowledge that there can never really be any peace and joy for me until there is peace and joy finally for you too. "
— Frederick Buechner

"Our hearts of stone become hearts of flesh when we learn where the outcast weeps."
— Brennan Manning, Abba's Child: The Cry of the Heart for Intimate Belonging

## Ons is al lankal nie meer so Europees nie

*Dana Snyman*

19 Mei 2022. “I am not one and simple, but complex and many.” Wie se woorde is dit? Virginia Woolf? Dit is die gevoel wat ek knaend in Europa kry.

Het Maandag in Lyon geland. Vaar saam met ’n klompie Suid-Afrikaners op rivierbote op die La Saône-rivier. Franse platteland. Meer die boot by dorpies vas en stap in die smal straatjies. Eet plat brode en drink sagte bier. Bekyk die ingeleefde geboue, met mure wat lyk asof dit al vir eeue asemhaal. En die kerke. Die kerke.

Jy kan jouself nie help nie, jy vergelyk wat jy sien en ervaar met hoe dit by die huis is. Arme ons. Kan nie dink ’n Australiër of ’n Kanadees stap hier rond en dink: Kyk, geen diefwering nie. Kyk die skoon sypaadjies. En dan kom meld woorde hulself aan: Misdaad. Korrupsie. Mislukte staat. En dan sê ’n stemmetjie vir jou: Ons met ons bleek velle is anders. Ons dra Europa in ons saam. Glo ons.

Party Afrikaners vertel jou graag van hul Hugenote-wortels. Die eerste Snyman, Christoffel, is in 1690 getroud met Margot de Savoye, die dogter van Hugenote wat van Frankryk na die Kaap gevlug het. Maar ons klomp Snymans is met die Groot Trek uit die Kaap weg. Oeroupa Coenraad het in die Slag van Bloedrivier geveg, croissants het vir hom vetkoek geword. Ons het nie juis die Franse leefwyse nagevolg nie. Ma het wel fondue-aande gehou: Ons wat ongemaklik kruisbeen op ons sitkamermat by klein stofies sit en eet. My tannie Anna het dikwels haar Édith Piaf-plaat opgesit en vol selfverwyt na “Non, je ne regrette rien” geluister. My neef het in ’n stadium Gauloises gerook, ’n baret gedra en vir almal vertel hy werk aan ’n digbundel.

Later het ek kennis gemaak met die Engelse vertalings van Camus en ander Franse skrywers se boeke, maar ek ken meer frases in Zoeloe as in Frans. Margot de Savoye se Frans met die getemperde klanke is op ons tonge omvorm tot die geknetter van Afrikaans.

Ek stap deur die Franse dorpies met ’n vae gevoel van verlies. Die oom met sy kruisbande en sy graaf in sy uielandjie laat my aan my oupa Willie op Volksrust dink. My voormense het ook hul eie groente gekweek en brood gebak. En die Franse se liefde vir hul honde. En die kerkklokke wat elke uur aankondig.

Maar Volksrust is lankal nie meer Gigny-sur-Saône nie, en was dit nooit heeltemal nie.

Gistermiddag het ek vir die eerste keer in dae my selfoon aangeskakel. Lees WhatsApp-boodskappe. Meld op Facebook en Netwerk24 aan: Wit student urineer op swart student se lessenaar, die Taalmonument se naam dalk verander . . . En ek lees mense se kommentaar daaroor: die woede, haat en selfregverdiging, geskryf in ’n cowboy-Afrikaans wat geen monument verdien nie. En ons mense se obsessie met die Amerikaanse politiek en begrippe. Ons het meer Amerikaans as Europees geword.

Laatmiddag is daar ’n swerm swaeltjies bokant die La Saône. Soos leestekens op soek na ’n sin dartel en duik hulle oor die water. Waar sou hul neste wees? Voel hulle ooit iewers tuis?

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/dana-snyman-ons-is-al-lankal-nie-meer-so-europees-nie-20220521

## Brood vir die pad

### Die evangelie van Johannes een van oorvloedigheid

*RRV*

In sy The Gospel of John: A Theological Commentary (2021) beskryf die Britse teoloog David Ford die Johannes-evangelie as “a Gospel of abundance,” as ’n evangelie wat volheid, oorvloed en oorskot beklemtoon.

Reeds in die proloog lees ons oor die Woord wat vlees geword het: “Uit sy volheid het ons almal genade ontvang – ja, genade op genade.” (Johannes 1:16; 2020-vertaling)

By die eerste teken wat Jesus in Kana verrig is daar dan ook sprake van oorvloed: Hy verander water in ’n groot hoeveelheid goeie wyn (Johannes 2:1-12). Ford verwys in dié verband na Richard Wilbur se “A Wedding Toast”, ’n gedig wat daaroor sê: “It made no earthly sense, unless to show / How whatsoever love elects to bless / Brims to a sweet excess/ That can without depletion overflow.”

Die idee van oorvloedigheid is ook ter sprake in die res van die Johannes-evangelie. Ons lees dat die Gees “nie in ’n geringe mate” geskenk is nie (3:34). Die daaropvolgende hoofstuk praat van ’n gawe wat ’n fontein van water word wat opborrel (4:14). Wanneer Jesus ’n skare van meer as 5 000 met vyf brode en twee visse voed bly daar 12 mandjies se brokstukke oor (Johannes 6:13). En teen die einde van die evangelie lees ons dat Jesus se opdrag aanleiding gee dat die dissipels onverwags ’n groot klomp vis vang (Johannes 21:6).

Selfs die laaste vers se gedagte dat die wêreld nie al die boekrolle sal kan bevat wat beskryf wat Jesus alles gedoen het nie (Johannes 21:25) dui op ’n soort “argief van oormaat”.

Ford wys boonop hoe daar in die Johannes-evangelie ook nog sprake is van ’n oorvloed heerlikheid, heling, lig, lewe, lering, vrugbaarheid, vreugde en liefde.

Ons sou verder saam met Ford kon wonder wat ons vandag met die Johannes-evangelie se aksent op oorvloedigheid moet maak. Is die ervaring van baie nie eerder een van skaarsste en tekort nie?

Tog kan dit – ook in die tyd van die kerklike jaar wanneer Pinkster gevier word, met die fokus op die Gees wat gegee is “nie in ’n geringe mate nie” (Johannes 3:34) – as herinnering en uitnodiging dien om ons in ons alledaagse lewe oop te stel vir hierdie logika van oorvloedigheid. Iets daarvan vind neerslag in die laaste strofe van “A Wedding Feast” wat op Wilbur se seënwens vir sy kinders vir genoeg en méér dui: “Now, if you loves will lend an ear to mine / I toast you both, good son and dear new daughter. / May you not lack for water, / And may that water smack of Cana’s wine.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waaardes-die-evangelie-van-johannes-een-van-oorvloedigheid-20220604

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877